14 APRIL 2019

Gr R tot Gr 3

‘n **LIEFDE** sonder einde**!**

Psalm 118:1-2 & 19-29

voorbereiding

Neem saam:

Items van verskillende soorte partytjies soos in geselstyd beskryf.

Papier of karton om Origami hartjies mee te vou.

bid **tyd**

OPENINGSGEBED:
vra vir een van die kinders
om te open met gebed.

gesels **tyd**

Wie weet wat is ‘n fees? *Gee geleentheid vir die kinders om hulle verstaan van ‘n fees te verduidelik.*

‘n Fees is amper soos ‘n groot partytjie waar klomp mense bymekaar is. Almal is vrolik en opgewonde. Hulle kom bymekaar van verskillende plekke en almal kuier saam. Was julle al by feeste? Watter soort feeste?

Wie hou van partytjies? Wat is die lekkerste van partytjies?
Gee ruim geleentheid dat kinders van hul partytjies kan vertel.

Soms het partytjies temas: Soos byvoorbeeld ‘n Barbie partytjie, dan is daar ‘n Barbie Koek en Barbie prente oral op. Of dalk ‘n Cars partytjie vir die seuns met ‘n Cars koek en boksies met die karakters van Cars op geprint vir elke maatjie. Wanneer daar temas is op partytjies word alles van die partytjie gemerk met die tema. Dit kan groot pret wees as die maats ook aantrek volgens die tema. Met so ‘n partytjie weet jy byvoorbeeld as jy na ‘n swem partytjie genooi word, kan jy nie daar opdaag in ‘n wintersjas en stewels nie. Maar jy gaan ook nie na ‘n dinee saam met mamma en pappa in jou slaapklere nie.

Wanneer ons uitnodigings na partytjies kry, weet ons watter soort partytjie dit gaan wees, hoe om aan te trek, waar dit gaan wees en hoe laat dit gaan begin. En wat gevier gaan word.

gesels **tyd** (vervolg)

Net so ook met feeste. Die KKNK (Klein Karoo Nationale Kunstefees) is ‘n fees waar mense musiek vertonings kan bywoon en dramas kan kyk. Jy gaan byvoorbeeld nie daar die Comrades marathon kyk of hardloop nie, want dit is nie waarvoor die fees daar is nie. Elke fees of partytjie het ‘n spesifieke doel.

Kom ons kyk of julle kan raai watter soort partytjie dit is: *Hou ‘n paar items voor. Byvoorbeeld,*

- *‘n ballon met “Happy Birtday” op – verjaardag partytjie*
- *Kersboom versierings – kersfees partytjie*
- *Ringe / mannetjie en vroutjie – troue*
- *‘n groot 80 – oupa of ouma se verjaardag*
- *‘n dummy – ooievaars partytjie vir ‘n nuwe baba*

Verskillende partytjies word geken aan verskillende items

sing **tyd**

Hierdie liedere is slegs voorstelle.
Sing gerus iets wat meer bekend is.

Liedjie: God is liefde
God is liefde, juig ons harte
En bedink wat liefde doen
Dat Hy ons Sy, seun gestuur het
Om ons sondes te versoen
Hy wat eerste lief gehad het
Het in liefde ons vergeef
Nou kan ons uit God gebore
Uit die bron van liefde leef
Uit die bron van liefde leef.

Liedjie: Jesus loves me
Jesus loves me, this I know
For the Bible tells me so
Little ones to Him belong
They are week but He is strong
Yes, Jesus loves me
Yes, Jesus loves me
Yes, Jesus loves me
The Bible tells me so

BYBEL tyd

In die Bybel lees ons dat die mense ook verskillende feeste gehou het. Een van die feeste wat ons steeds elke jaar vier, is Paasfees. Met Paasfees dink ons terug aan Jesus wat vir ons doodgegaan het aan die kruis. Maar Paasfees was ook die fees waar die mense in die Bybel terug gedink het aan toe die Here hulle God hulle gered het uit Egipte. Toe die Israeliete slawe was vir die Egiptenare, het Moses met die Farao gaan praat en versoek dat hy die Israeliete moet vrylaat. Maar die Farao wou nie toegee nie. Toe stuur die Here die 10 plae. Na elke plaag het Moses weer gevra om die Israeliete te laat gaan, maar eers na die 10de plaag, het hy hulle laat gaan. Die 10de plaag was die dood van die eersgeborenes. Die volk van God moes die bloed van 'n lam aan die deurkoesyne gesmeer het. Dit was 'n teken dat hulle aan God behoort en dan het die doodsengel nie daardie huis besoek nie.

Elke jaar het hulle die fees gehou om terug te dink aan die redding, en saam brood en wyn gebruik, as teken dat hulle verlos is uit Egipte.

Maar Jesus het gekom om ons nie net vry te maak van Egipte nie, maar vry van ons sonde en ons vir ewig te red uit die mag van die dood. Daar word ook na Jesus verwys as die Lam wat geslag word. Sy bloed het ons kom red. En daarom wys Paasfees nie net meer terug van die 10 plae nie, maar na Jesus wat sy lewe afgelê het vir ons.

In Ps.118 lees ons dat Israel moet getuig dat daar geen einde aan God se liefde is nie. Jesus het met die palm fees op die donkie se rug in Jerusalem ingery en so die lydenspad vir ons begin. Al wou mense Hom nie erken as die Here wat hulle gaan red nie, het Hy steeds met God se plan voorgegaan. Luister na die gedeelte in Ps.118
Lees vir die kinders voor: Ps.118:1-2 en 19-29

Jesus het nie halfpad omgedraai en gedink dis te veel om in ons plek dood te gaan nie. God se liefde het geen einde nie, en daarom het Hy in ons plek doodgegaan.

doen & leer tyd

<u>Vou origami hartjies</u>

Deel vir elkeen 'n reghoek papier uit.
Wenk: Deel 'n A4 karton in 6 dele oor die breedste van die bladsy om 6 reghoeke van +- 5cm x 21cm te vorm, dan hoef die eerste stap nie gevolg te word om die reghoek in die helfte te vou nie. Maar as dunner papier gebruik word, deel eerder die A4 net in 3 dele om die hartjie te vou.
Volg die stappe op die volgende bladsy om 'n origami hartjie te vou. Laat die kinders dit versier.

Die hartjie kan as boekmerk gebruik word.

Herinner die kinders daaraan dat die hartjie ons altyd moet laat onthou dat daar geen einde aan God se liefde vir ons is nie. Moedig die kinders aan om die boodskap ook met ander te deel en hartjies uit te deel.

groet tyd

Dankie Jesus dat daar geen einde aan U liefde vir ons is nie.

Amen



Maak jou eie hartjie boekmerk

Stap 1: Vou ‘n reghoek in die helfte met die patrone na buite

Stap 2: Vou dit weer in die helfte om die middellyn te merk

Stap 3: Vou die een kant boontoe met ‘n 45^0 hoek sodat die rand in lyn is met die middelpunt.

Stap 4: Herhaal stap 3 met die ander kant.

Stap 5: Draai die papier om en vou die die bokante afwaarts (omtrent 1/3 van die gedeelte)

Stap 6: Vou die hoeke om die hartjie te vorm.

Gebruik die hartjie as ‘n boekmerk om jou te herinner aan God se liefde wat nooit einde het nie.